

Deur: Me. Anneke Stols

Honneursstudent aan die Sielkunde Departement; UV.

'n Perd, 'n Gestremde Kind en 'n Student – Hoe die drie mekaar gehelp het

Henry Wadsworth Longfellow (1865) het eens geskryf:

*“All are architects of Fate,
Working in these walls of Time;
Some with massive deeds and great,
Some with ornaments of rhyme.”*

Soos ek dit verstaan, speel elkeen van ons 'n rol daarin om die mense met wie ons in kontak kom, se lot te verander, soms deur 'n groot bydrae te lewer maar soms slegs deur iets kleins. Ek dink enige persoon het 'n behoefte daaraan om een of ander tyd in hul lewens, iets vir iemand anders te beteken. Hoe wonderlik is dit nie dat daardie iemand anders 'n totale vreemdeling kan wees en dat jou bydrae, hoe klein dit ook al mag wees, 'n massiewe verskil kan maak nie? Hierdie jaar het ek 'n verskil gemaak deur deel te wees van die Sielkunde Departement aan die Universiteit van die Vrystaat se Perdryterapie Diensleerprojek te Equistria. Met terapeutiese perdry kry mens die geleentheid om aan die bogenoemde behoefte gehoor te gee. 'n Mens kry die geleentheid om met kinders te werk wat gestremd is en om sodoende die wêreld deur hulle oë te sien.

Oorspronklik was ek redelik skrikkerig om betrokke te raak by die perdryprojek. Ten spyte daarvan dat ek in die verlede al reeds met gestremde kinders gewerk het, was dit weer eens 'n nuwe uitdaging. Dit was anders in die sin dat mens deur middle van perdryterapie, hierdie kinders kan stimuleer om sodoende die effek wat hul gestremdheid op hul lewens het, te versag. Die medium waardeur die kinders hanteer word, is dus anders as met die uitvoering van alledaagse aktiwiteite. Hierdie kinders word blootgestel aan sensories-motoriese, sowel as kognitiewe stimulasie. Hierdie stimulasie lewer verskeie voordele op psigologiese, sosiale asook fisiese vlak. Die terapie bemagtig hierdie kinders met die geleentheid om sosiaal aanvaarbare gedrag aan te leer, asook om aanvaarding deur ander individue van die samelewing te verkry.

Ten spyte van al die voordele wat hulle hieruit put, is die belangrikste aspek waarlike, kinderlike vreugde.

Deur betrokke te raak by die perdryterapie, is dit soms so dat 'n mens bietjie selfsugtig is en wonder wat jy daaruit gaan kry. Wel, ek as mens het regtig baie gegroei deur hierdie jaar; die perdry het my net weer eens laat besef hoe gelukkig ek is om soveel in my lewe te kan hê. Ek het weer ontdek hoeveel vreugde mens daaruit kry om vir onbekendes te gee, deur 'n bydrae te lewer om 'n ander persoon se lot te versag. Omdat 'n mens baiekeer bang is om met kinders te werk wat gestremdhede het, het ek baie selfvertroue gekry met die gewaarwording dat ek 'n rol speel in hierdie kinders se lewens en dit regkry om met hulle te werk. Ek het geleer dat ek geneig was om juis situasies te vermy weens my vrees vir mislukking. Verder het ek geleer dat deur net 'n bydrae te lewer en aanvaarding te gee, al klaar 'n baie groot invloed kan hê en dat mislukking nie so maklik plaasvind nie.

'n Kind wat gestremd is, bly 'n kind en het dieselfde behoeftes as diegene wat nie gestremd is nie. Hoe langer mens egter met hierdie kinders te doen kry, kry jy die geleentheid om verby hul gestremdhede te kyk en sien jy eerder raak wat hulle vir jou kan leer en nie soseer wat jy vir hulle kan leer nie. Hulle is ook wonderlike individue met 'n gawe om te kan aanpas by 'n ongewone situasie. Die perdryterapie-projek bemagtig die kinders deur ondersteuning en aanvaarding te gee om hulself te wees. Deur die onvoorwaardelike aanvaarding daagliks uit te leef, het ek geleer om net myself te wees en myself te aanvaar, ten spyte van ander se begrippe en opinies.

E.E. Cummings (1958) het geskryf:

*“To be nobody-but-yourself – in a world which is doing its best, night and day,
to make you everybody else – means to fight the hardest battle which any
human being can fight; and never stop fighting.”*

Bronnelys

Cummings, E. E. 1958. A poet's advice to students. In G. J. Firmage (Ed.), *A miscellany* (p. 13). NY: Agrophile Press.

Longfellow, H. W. 1865. The builders. *The poetical works of Henry Wadsworth Longfellow: Complete Edition*. London: George Routledge and Sons.